NG GEMEENTE KATHU

AANKONDIGINGS 10 Februarie 2019

Ek en jy, as gestuurde gemeente, dien die Here
met vreugde deur by mekaar en by ander betrokke te wees.

☎ **053 723 1071** **skriba@ngkathu.co.za** **www.ngkathu.co.za**

Oggenddiens 09:00 | Aanddiens 18:30

Leraar: Ds Heinrich Viljoen
Tema: Wie regeer?
Teks: Kol 1:9-14

Woordverkondiging in die ander gemeentes:

Olifantshoek: Ds André de Villiers
Deben: Ds Schalk van Schalkwyk

Belangrike datums vir die week en maand

12 Sentrale Kerkraad (begroting)	18:00
13 Doopgesprek 1	18:00
17 Belydenis van geloof	09:00
17 Nagmaal	09:00 en 18:30
20 Doopgesprek 2	18:00
23 Turkye-fondsinsameling (Koek en tee)	10:00
26 Sentrale Kerkraad	18:00

Gekoppelde leraars in Deben en Olifantshoek

Maandae:
Ds Schalk van Schalkwyk is 13:00-21:00 in Deben.

Dinsdae: Ds Schalk van Schalkwyk is 08:00-13:00 in Deben.

Ds André de Villiers is voldag in Olifantshoek.

Klavierspelers of orrelspelers word benodig asb

Ons benodig asb dringend enige persoon wat bereid is om af en toe te help met klavier- of orrelbegeleiding veral tydens oggenddienste. As jy kan help, kontak as vir Therina van Schalkwyk of die kerkkantoor.

Welkom aan die nuwe lidmate

Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente en betrokke sal raak by ons aktiwiteite. Tydens die erediens sal jy ’n pakkie ontvang met ’n vorm vir nuwe lidmate, wat jy asseblief vir ons moet voltooi. As jy enige vrae oor die gemeente het, is jy welkom om te vra!

Kom drink gerus ’n koppie koffie of tee by ons selfbedien-stasie

Soggens drink ons koffie/tee NÁ die diens en saans drink ons koffie/tee VÓÓR die diens.
*Aanddiens: Ons vra dat lidmate asb by die teetafels koffie drink en nie in die banke nie.

Baie dankie vir die pragtige blomme in die erediens.

Gebedslys

Ons bid:

- Vir Miems Burger. Sy is tans in Pretoria in die hospitaal.
- Vir Beatie Longland. Sy is tans in Kimberley in die hospitaal.
- Vir Adri Scholtz wat tans tuis versorg word.
- Vir die munisipaliteit met die waterkwessies.
- Vir ons kinders se veiligheid by skole.
- Vir onderwysers en leerders van Hoërskool Driehoek (Vanderbijlpark) met die verlies van vriende en leerders.
- Dat ons verteenwoordigers van Jesus op aarde sal wees.

"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is
om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink." – Ef 3:20

Toegang tot gebedshuis

As jy toegang tot die gebedshuis wil hê, kontak vir SP du Plessis 082 459 4655 sodat hy jou selfoonnommer kan registreer. Sodra jou nommer geregistreer is, sal jy die hek kan oopbel.

Gebed in die eredienste

As jy bereid is om in een van die eredienste voorbidding te doen, skakel Marie Duvenage of stuur jou nommer met "Gebed" as verwysing na 082 442 4645. Ons het jou nodig.

Afhanklik van drank, dwelms, of iets dergeliks?

Die CAD (ondersteuningsgroep vir middelafhanklikes en hul gesinne) vergader Woensdae 18:30 in lokaal 13. Enigiemand is welkom. Vir navrae, kontak Henriëtte Husselman 072 239 2361.

Gebedsfokus:

Middelafhanklikheid

Dit word veroorsaak deur biologiese en genetiese faktore waarin erflike eienskappe 'n groot rol speel, tesame met psigososiale, kulturele en omgewingsfaktore. Substansieverslawing: 'n Hoë persentasie van alle Suid-Afrikaners ly tans aan een of ander tipe substansieverslawing. Die gevolge kan verpletterend en selfs noodlottig vir verslaafdes wees – vir hulle gesondheid, loopbane en families – maar daar is hoop vir mense wat deur substansiemisbruik geraak word.

Ons bid teen negatiewe invloede en om versoekings te weerstaan. Ons bid vir: selfbeheersing, menswaardigheid, wilskrag, ondersteuning van naasbestaandes en vriende. Dat persone vry sal kom, nie net herstel nie, maar nuwe mense in Christus sal word. Ons bid dat verslaafdes weer die lewe uit 'n nuwe perspektief kan aanpak en vir hulself 'n wentoekoms kan begin skep. Bid vir die owerhede wat verspreiding en handel van substansie moet bekamp.

2 Kor 5:17

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Fondsinsameling vir Turkye-uitreik

Koek & Tee

Saterdag 23 Februarie 2019 om 10:00
R60 per persoon
NG Kathu Kerksaal
Daar sal boeke en vetplante te koop wees.
Kaartjies is beskikbaar by spanlede of die kerkkantoor.

10/40 Nooduitreik

Valentynskaartjies te koop teen R20. Fondse word aangewend vir die Jordanië-uitreik. Kontak Susan by 084 701 0894 of agter by die uitreikborde.

Belydenisvorms

Alle belydenisvorms vir Sondag 17 Februarie se belydenisaflegging, moet asb teen Maandag 13:00 by die kerkkantoor wees.

Motorwag tydens oggenddiens

Stephen van Wyk, die kerk se algemene werker, doen Sondagoggende diens as karwag. Tydens eredienste maak hy die groot hekke toe en patrolleer in Mopanilaan en Kudustraat. Lidmate is welkom om vir hom ’n fooitjie by die hek te gee of dit in die bussies by die deure te gooi.

Mediese versorging: Adri Scholtz (orrelis)

Baie dankie vir elke bydrae wat ontvang is om Adri se koste te dek tydens haar onlangse hospitalisasie. Adri word tans tuis versorg. Fondse word steeds benodig om haar so gemaklik en pynvry as moontlik te hou.

Persone wat ’n bydrae wil lewer, kan dit asb inbetaal by die volgende rekening.

ABSA Spaarrekening – Mev JEA Scholtz, Rekeningnommer: 9343517757.
Vir navrae, kontak ds. Schalk van Schalkwyk of Brenda Kernekamp by 053 723 1071.

Herfsfees 2019

Vleiswerkdatums

Op **Vrydag 26 April** en **Saterdag 27 April** word daar vleis verwerk by die kerk. Alle hande word asb benodig. Bring asb ’n houtbord, voorskoot en skerp messe saam.

Baie dankie!

Ons het reeds ons eerste bydraes van bestanddele ontvang. Ons waardeer elke item wat geskenk word. As ons die uitgawes van die fees so laag moontlik kan hou, kan ons ’n groot sukses daarvan maak. **Dankie** vir elkeen se bereidwilligheid om bietjie vir bietjie ’n GROOT verskil te maak.

Wit olifante (in werkende toestand), pryse vir die **vissievang** van die kindervermaak en ingelegde en bevrore produkte vir **Ouma se spens** is baie welkom. Ons gaan die spensprodukte eers nader aan die feesdatum insamel, maar as jy weet jy kan lekker pasteie bak of vrugte inlê, laat weet gerus solank die kerkkantoor sodat ons kan beplan.

Vir privaat stalletjies (geen kos) teen R100 elk, kontak vir Olive Gerber by 082 772 6900.

Verjaardae vir die week

Sondag 10 Februarie

Nico	Brandt
Renette	Beer
Hannelie	Barnard
Jacqueline	Botha
Hugo	J v Rensburg
Phillip	Burger

Maandag 11 Februarie

Leon	Olivier
Eureka	Thysse
Jannie	Engelbrecht
Andreas	J v Vuuren
Marthani	Martins
Bianca	Wilken
Lu-Anne	Hanekom
Suzanne	Hanekom
Francois	V d Merwe
Jonathan	Visser
Hanno	V d Westhuizen

Lekker verjaar!

Dinsdag 12 Februarie

Dawid	Van Der Berg
Ferdi	Goussard
Ciska	Van Niekerk
Pierre	J v Vuuren
Elna Engela	Van Zyl
Michelle	Roodt
Ansumey	Meyer
Urandré	J v Vuuren
Yolané	Kühn
Johannes	Smit
Karli	Botha

Woensdag 13 Februarie

Susan	Van Zyl
Elna	Van Schalkwyk
Rika	Brandt
Tommy	Bauermeister
Izak	Moolman
Danie	Ungerer
Mila	Nel
Kaspaas	Eilerd
Anke	Rossouw

Donderdag 14 Februarie

Melanie	Anagnostopoulos
Louis	Botha
Marlette	Aucamp
Ané	Van Sittert
Lianke	Maritz

Vrydag 15 Februarie

Hettie	Passano
Andrienne	Mynhardt
Freda	Hattingh
Anéll	Van Eck
Lizaan	Botha
Francois	Marais
Ruhan	De Beer

Saterdag 16 Februarie

Bea	Smit
Nico	Meiring
Hester	Roets
Lineke	Loubser
Willem	Nel
Wihan	Kruger
Isabella	Visser

BELANGRIKE INLIGTING

Kerkkantoor

☎ 053 723 1071

💻 skriba@ngkathu.co.za / kassier@ngkathu.co.za

Kantoorure:

Maandag tot Vrydag: 08:00-13:00

Bankbesonderhede:

Vir Dankoffers:

NG Gemeente Kathu

ABSA Tjekrekening Kathu

Rek 1990 590 024

Vir die BOUFONDS:

NG Gemeente no 2

ABSA Kathu

Rek 1990 146 086

vind ons op facebook

LERAARS

Ds André de Villiers – Blok A

Missionale Bediening, Kommunikasie en Finansies

☎ 084 679 3274

💻 andre@ngkathu.co.za

Ds Heinrich Viljoen – Blok B

Jeugbediening en Kleingroepe

☎ 082 352 6611

💻 heinrich@ngkathu.co.za

Ds Schalk van Schalkwyk – Blok C

Blokbediening, Barmhartigheid, Nuwe lidmate en Eiendom

☎ 084 673 1075

💻 schalk@ngkathu.co.za